Hoe om Voortrekker-kerse te maak

Hierdie is ’n heerlike aktiwiteit om te doen as deel van spesialisasies soos Handwerk, Handvaardigheid en Beeldende kunste. Jy kan dit ook doen as ’n aktiwiteit op ’n kommandokamp of tydens ’n spanbyeenkoms nadat jy ’n tema oor Voortrekkerwerk gedoen het.

? Stappe



1. Jy benodig rooi, wit en blou kerse, ’n gasstofie, 3 blikke om was in te smelt, plastiekbakkies waarin kerse gesit kan word, kerspitte en stokkies.
2. Breek die blou kerse in stukkies en gooi in die blik. Jy benodig ’n langerige kerspit. Moet dus nie al die kerse in klein stukkies breek nie. Hou een lang stuk kers vir die kerspit.
3. Steek die gasstofie aan en smelt die kerse. Die stofie moet nie te warm wees nie. Gebruik ’n potknyper om die blikkie vas te hou.
4. Haal ’n langerige kerspit uit die gesmelte was.
5. Maak dit aan ’n stokkie vas en sit dwars oor die plastiekhouertjie.
6. Gooi die gesmelte was versigtig in die plastiekhouertjie
7. Wag totdat dit afkoel en hard word.
8. Gebruik die ander twee blikke en herhaal die proses met die ander kleur kerse.
9. Indien die was hard is, kan die kers uit die plastiekhouer gehaal word.

☺ Wenke

1. Maak seker dat die was hard is voordat die volgende laag gegooi word.
2. Jy kan die kerse gebruik om op tafels te plaas vir ’n Voortrekkerafsluiting.

☠ Waarskuwings

1. Hierdie proses moet die heel tyd onder toesig gedoen word. Dit is beter as die offisier die kerswas in die houertjie gooi.
2. Plaas koerante onder die houertjies. Daar mors altyd kerswas.